



Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 24 September 1947. No. 43.

Britse Regering Bou Beleid Op Tolunie

Die Britse regering het die voorstel van mnr. Bevin dat alle Rykslande 'n tolunie moet vorm, amptelik aanvaar as deel van sy handelsbeleid. Hierdeur sal die invoerregte van alle lande behorende tot die Gemeenbes gelyk gemaak word sodat goedere vry en sonder enige beperking van die een land na die ander kan vloei. Die voorstel sal binnekort met die dominiums bespreek word.

Indien daar tot hierdie stap oorgegaan word, sal dit vir die nywerhede van Suid-Afrika rampspoedige gevolge hê omdat ons nie meer in staat sal wees om ons eie nywerhede teen die van ander lande te beskerm nie. Ons eie goedere sal verdring word, aangesien dit moontlik sal wees dat verbruiksgoedere soos suiker, tekstielware, tabak, ens. baie goedkoper die land sal kan inkom as wat dit plaaslik vervaardig word.

Nyweraars en sakemanne vrees dat die lewendige vraag na hulle produkte skielik tot 'n stilstand sal kom indien die Unie-regering met hierdie plan om die Britse nywerhede te bevoordeel, sal saamspeel.

So 'n tolunie sal vanselfsprekend ook die staatkundige bande van die empire nouer trek. Dit het byvoorbeeld in die geval van Duitsland waar die Duitse tolunie uiteindelik aanleiding gegee het tot die unifikasie van Duitsland.

GEEN ARBEIDSTEKORT DOG 'SAAK OP SPEL'

Die beroep van die voorsitter van die immigrasieraad dat sakemanne moet meewerk om immigrante massagewys in te voer deur 'n opgawe te maak van die personeel wat hulle nodig het, het in Kaapstad van die kant van die handel geen enkele opgawe gelewer nie omdat daar volgens gesaghebbende verklaring geen tekort aan personeel is. Nieteenstaande hierdie veelseggende verskynsel wat die bybedoelings van die immigrasie bloot lê, het die voorsitter van die Kamer van Nywerhede in dieselfde asem waarin hy erken dat daar ook geen vakmanne nodig is nie, verklaar dat immigrante maar ingevoer moet word omdat daar 'n saak op die spel is.

In sy ywer om die Unie met Engelse immigrante te oorstroom, het maj.-genl. I. P. de Villiers, voorsitter van die immigrasieskema, sakemanne en nyweraars versoek om opgawes te maak van die personeel en vakmanne wat hulle nodig het. Hy het versoek dat hulle persone na Brittanje stuur om die mense uit te soek en belowe dat hy sal toesien dat hulle sonder oponthoud na Suid-Afrika gebring word. Hy het voorts verklaar dat dit nodig is omdat daar 'n tekort aan vakmanne en personeel in die land bestaan.

BYBEDOELINGS

Sowel die Kamer van Koophandel as die Kamer van Nywerhede in Kaapstad het aan hierdie versoek voldoen en om-

sendbriewe aan al hul lede gestuur met die versoek om te verklaar hoeveel mense hulle wil hê. Volgens luit.-kol. W. Webb, sekretaris van die Kamer van Koophandel, het daar van die kant van die sakelui in Kaapstad geen enkele versoek gekom nie. Dit is ongetwyfeld 'n onderstreping van die feit dat die regering met sy immigrasie bybedoelings het, aangesien daar geen tekort aan werkskragte bestaan nie.

Kol. Webb het verklaar dat die tekort wat daar aan personeel in die handel bestaan, nie regverdig dat mense van oorsee ingevoer moet word nie en dat die Kamer van Koophandel daarom niemand na Brittanje sal stuur om mense te gaan werf nie.

Ook die oproep van die Kamer van Nywerhede het 'n negatiewe resultaat vir die immigrasieskema gelewer. Volgens die voorsitter van die Kamer van Nywerhede, mnr. H. A. Barker, het slegs enkele versoeke van die kant van die nywerhede gekom om mense in te voer. Hy sal binnekort weer 'n poging aanwend, het hy belowe.

'SAAK OP SPEL'

Met verwysing na die werwing van werknemers vir die nywerheid het hy verklaar: „Daar sal natuurlik altyd voorkeur gegee word aan 'n persoonlike onderhoud tussen werkgewer en werknemers wat met die publiek moet omgaan. Maar hierdie standpunt moet gewysig word terwille van die noodsaak-

K.G. VANDAG 49 JAAR: GEVANGENES SE HULDE

Onderstaande hulde aan die K.G., dr. Hans van Rensburg, wat vandag sy 49ste verjaardag herdenk, is afkomstig van ons kamerade te Baviaanspoort:

Dit is met huiwering dat ons u, ons geliefde leier, nader, maar ook met hulde en dankbaarheid in die hart. En hierdie skrywe aan u gerig, is ons huldebetoen aan u met u verjaardag, asook die oordra aan u van 'n gevoel wat ons altyd vir u besit maar nie altyd kan vertolk nie.

Ons is u veel verskuldig en baie dankbaar..... Want in die jare vandat u die swaarste en ondankbaarste taak aangedurf het, het u opnuut van ons Afrikaners gemaak. Afrikaners met selfrespek — manne en vroue van eer.

Ons was altyd trots op die feit dat ons Afrikaners is. En wel omdat ons voorsate sulke eerbare en moedige manne en vroue was. Maar u het ons geleer dat daardie trots verwaandheid is as ons nie daardie eerbaarheid met net sulke eerbaarheid en daardie moed met die-

selfde moed handhaaf nie.

U het ons geleer dat die ideaal van ons vaders nog ons ideaal is. In die daadwerklike uitlewing van daardie ideaal moes ons deur diep waters — Vir sommige vlakke, maar vir ander baie-diepe. In die smeltkroes het ons u leer ken. U voorbeeld, u bystand en u onverskrokke trou en konsekwentheid aan die Afrikanervolk se ideaal, het ons ons geskraag om te neem wat vir ons deur ons vyande toebedeel is, en te glimlag en voort te stap, selfs daar waar ons vyande kapitulasie verwag het.

KOERSGEHOU

En in die jare wat u nou aan die hoof van die Afrikanervolk se Beweging staan, het u aan 'n volk getoon hoe 'n man optree en hoe 'n leier koershou. Ons wat in diens van u saak die historiese weg van Afrikaner-patriotie moes opgaan, daag elke man en vrou wat ore het om te hoor en oë het om te sien, uit om die teendeel te bewys; sonder om hulle eie volk se verlede te verloën.

K.G. Antwoord Vanaand

Die Kommandantgeneraal, dr. J. F. J. van Rensburg, hou vanaand 'n toespraak by geleentheid van sy verjaardagviering in die Koffiehuis, Pretoria. By hierdie geleentheid sal hy antwoord op die besluit van die Transvaalse H.N.P.-kongres oor die voorwaardes vir lidmaatskap wat die party O.B.-lede aanbied.

En die feit dat die Volksbeweging nog nie sy vleuels oor elke Afrikaner kan uitsprei nie is nie u skuld nie, maar 'n aanklag teen 'n volk se mentaliteit en 'n volk se voormanne. En ons weet al sou u nog nie die hele kern van die Afrikanervolk onder u vaandel geskaar het nie, die Afrikaners wat wel die Beweging aanhang, uit die kern van die Afrikanervolk bestaan. En as dit voorkom dat die Ossewabrandwag in die jare van sy bestaan nie die vordering gemaak het wat van hom verwag is nie, besef ons dat in tien jaar nie opgebou kan word wat in vyftig jaar afgebreek is nie.

(Vervolg op bl. 3)

Prys Van Wol

Die hoogste prys wat die afgelope dertig jaar in die Unie behaal is, is verlede week in Kaapstad behaal toe wol uit 'n skeersel afkomstig uit Riversdal 52½d. per pond behaal het. Dit was wol met 'n skoonopbrengs van 68 tot 70 en was langer as 3½ dm.

WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Op 3 September 1939 het Engeland oorlog verklaar aan Duitsland. As rede daarvoor is o.a. genoem dat die Duitse volk „bevry” moet word van die juk van die nasionaal-sosialisme. Die uitslag van die oorlog is dat die Britse burger vandag deur die staat gekommandeer kan word vir werk wat die staat aan hom voorskryf—'n erger dwang as wat ooit in Duitsland voor die oorlog bedink is.

Van watter nut was die oorlog vir Brittanje of Suid-Afrika?

VOORSTEL SKEP INDRUK ASOF O.B. SAL REGEER NA VERKIESING

Na aanleiding van die besluit van die Transvaalse H.N.P.-kongres oor die toelating van O.B.-lede tot die H.N.P., is dit nodig dat sekere feite benadruk word.

Die eerste is dat die Ossewabrandwag hom sedert Januarie 1943 beywer vir die samewerking in 'n verkiesing van alle nasionale groepe, en dat hy vir dié doel gepleit het en nog pleit dat die onderlinge vyandigheid tussen hierdie groepe gestaak moet word met die oog op 'n gemeenskaplike stryd teen 'n volksvyand.

Die H.N.P. en Afrikanerparty het sedertdien mekaar die hand gereik, en hoewel laasgenoemde party die samewerking van die O.B. verwelkom en sy vriendskap bewys daarin dat hy O.B.-lede tot sy gelede toelaat met behoud van hul O.B.-identiteit, volhard die H.N.P. nog steeds met sy vyandskap soos blyk uit sy totale persboikot van die O.B. en sy verbod op lidmaatskap van O.B.-lede. Hierdie twee feite is nie net 'n bewys dat die vyandskap teen die O.B. nog gehandhaaf word nie, maar dit is 'n houding wat, om die minste te sê, maak dat geen O.B.-lid enige geesdrif kan ontwikkel om die H.N.P. in 'n verkiesing te steun nie. Dit is eenvoudig nie bevorderlik vir 'n maksimum kraginspanning in 'n parlementêre verkiesingstryd nie — iets wat dr. Malan self erken noodsaaklik is indien genl. Smuts verslaan moet word.

WIL NIE LEDE WORD NIE

Die beswaar van die Ossewabrandwag teen die H.N.P. se verbod op O.B.-lidmaatskap is nie gebore uit die begeerte van O.B.-lede om lid van die H.N.P. te word nie, maar uit die begeerte om samewerking tussen die twee groepe in belang van die volk te bewerkstellig. En aangesien daardie verbod 'n irriterende simptome is van vyandskap en dus van verdeeldheid, pleit die Ossewabrandwag dat dit opgehef moet word. Wanneer die H.N.P. die voorwaarde stel dat die Grootraad eers die Ossewabrandwag se beginsels moet verleen voordat sy lede toegelaat kan word tot die H.N.P., verwyder hulle nie daardie simptome nie, maar beklemtoon net hul vyandskap jeens die Ossewabrandwag, waardeur samewerking eerder bemoeilik as vergemaklik word.

Die kongres dring aan op die verwerping van die O.B.-ideale voordat die pad na samewerking oopgemaak kan word.

ONS STANDPUNT

Die Ossewabrandwag se standpunt is dat die komende verkiesing nie 'n kwessie van ideologie is nie, maar 'n slag om die voortbestaan van die Afrikanervolk en moontlik die blanke beskawing. Van ons kant vra ons nie wat die H.N.P. se ideologie is nie. Dit maak by die komende verkiesing geen saak nie, want ons weet dat hulle Afrikaners is en as nasionaalvoelendes aanvaar ons dat hulle vir die voortbestaan van die volk sal veg so goed as wat hulle kan met 'n wapen waarin ons nie veel vertroue het nie, maar tog bereid is om te steun.

ONDERPLOEGING

Voor die naakte gevaar van onderploeging deur Britse immigrasie aan die een kant en moontlik nie-blanke oorheersing aan die ander kant, moet onderlinge geskille oor ideologieë wyk. Dit help nie om ideale te vertroetel vir 'n volk wat onderploeg is nie. Maar as ons die

volk eers van toeploeging gered het deur gemeenskaplike optrede dan kan ons weer met mekaar gesels of stry oor kwessies van ideologie.

Daarom vind ons dit onvanpas dat die Transvaalse hoofbestuur van die H.N.P. besluit om die Ossewabrandwag eers te „suiver” van sy ideale en beginsels voordat sy hulp in 'n verkiesing aanvaar word deur 'n party wat niks terug hoef te gee vir hulp wat hy in elk geval nie kan ontbeer nie.

REPUBLIEK EN ENGELSE

Net so min as wat die H.N.P. dit nodig ag om terwille van die geesdriftige ondersteuning van Engelse kiesers die verkiesing as 'n uitspraak oor die kwessie van 'n republiek te beskou en uitdruklik verklaar dat die verkiesing nie oor die republikeinse ideaal gaan nie, net so min en nog minder ag die Ossewabrandwag dit nodig dat sy hydrae tot die verkiesing beskou moet word as 'n uitspraak oor sy ideologie.

Die indruk wat 'n mens van die Transvaalse besluit kry is dat dit die H.N.P. is wat die Ossewabrandwag by die verkiesing moet steun en nou eers moet seker maak dat die O.B. na be-

windsaanvaarding nie sy ideologie sal toepas nie — net soos die Engelse kiesers eers vooraf deur die H.N.P. verseker word dat hy nie 'n republiek sal uitroep nie.

Maar dit is die H.N.P. wat deur die Ossewabrandwag aan bewind gehelp gaan word, en as die O.B. geen eise aan die H.N.P. ten opsigte van ideologie stel nie, is dit eenvoudig onverstaanbaar waarom laasgenoemde sulke voorwaardes aan die O.B. stel vir hulp wat die O.B. aan die party moet verleen.

Al voorwaarde wat die Ossewabrandwag stel is: Maak dit vir ons moontlik om vir julle te stem deur jul vyandskap teen ons te staak — daardie vyandskap wat blyk uit jul persboikot en jul verbod op O.B.-lidmaatskap.

Mnr. Havenga Oor Volkseenheid

„Die drang na eenheid by die volk is op die lange duur sterker as die verdelingsmagte. Wat myself betref het ek net een

Ooreenkoms Oor Setels Tussen Twee Partye

'n Aanvullende ooreenkoms tussen die Afrikanerparty en die H.N.P. aangaande die algemene grondslag vir onderhandelings oor setels en die verhouding van die partye na die verkiesing in die parlement, is deur dr. D. F. Malan in Johannesburg op sy Transvaalse kongres aangekondig.

Die partye onderneem om ten minste vir die duur van die gekose parlement saam te werk en die saamwerkende partye behou die reg om te eniger tyd tot nouer aaneensluiting oor te gaan. Die bepaling is bindend op enige individuele kandidaat en is ook van krag in die geval van tussenverkiesings.

Met die oog op verdelings van die kiesafdelings, is die kiesafdelings in drie klasse verdeel: „(i) Kiesafdelings wat deur die een of ander van die saamwerkende partye met die inspanning van sy eie uiterste kragte en met 'n redelike kans op sukses verower sou word. Die kandidaat vallende onder hierdie klas word onderskeidelik en in iedere besondere geval benoem deur die alfo aangewese saamwerkende party.

„(ii) Kiesafdelings wat alleen verower sou word deur die gesamentlike kragte van albei saamwerkende partye. Die kandidaat in die kiesafdelings wat onder hierdie klas val, word benoem deur die een of ander van die onderskeie saamwerkende partye, ooreenkomstig 'n vooraf ooreengekome en met die

oog op alle omstandighede bilike verdelingsplan.

„Sodanige verdelingsplan word opgestel vir iedere betrokke provinsie afsonderlik langs 'n weg waartoe die saamwerkende partye in sodanige provinsie met mekaar in oorleg met hulle respektiewe hoofleiers ooreenkom.

„In geval daar omtrent die toekenning van een of meer setels geen ooreenstemming bereik kan word nie, sal daaromtrent besluit word deur daardie twee hoofleiers (dr. Malan en oud-minister Havenga) in oorleg met mekaar en na raadpleging ook met die betrokke party of partye in sodanige kiesafdeling of kiesafdelings.

„(iii) Kiesafdelings wat nie deur 'n kandidaat van een of die ander saamwerkende partye bestry word nie. In die kiesafdelings wat onder hierdie klas val, ondersteun die saamwerkende partye na oorleg met mekaar en gesamentlik enige onafhanklike of ander kandidaat wat onderneem om in verband met die kleurvraagstuk en apartheidsbeleid van die saamwerkende partye te ondersteun.”

Hoef O.B. Nie Te Bedank Nie — Net Te Begrawe

Die kongres van die H.N.P. in Transvaal het besluit dat lede van die Ossewabrandwag lid van die party mag word mits die leiding van die Ossewabrandwag in die openbaar verklaar dat die O.B. hom van die politieke terrein onttrek, en die vernaamste punte van sy beleid verwerp. Die voorstel is deur die dagbestuur sowel as die hoofbestuur van die H.N.P. in Transvaal eenparig aangeneem en is ingedien deur mnr. B. J. Schoeman.

Dit lui:

„Met die oog op die dreigende gevaar vir blank Suid-Afrika indien die Smuts-regering in die volgende algemene verkiesing weer aan bewind moet kom, voel hierdie vergadering van die hoofbestuur van die Herenigde Nasionale Party of V. in Transvaal dat alle pogings aangewend moet word om eenwording te verkry, eensgesindheid te bewerkstellig wat doel, strewe en beleid betref, van alle Nasionaalgesindes in die Unie van Suid-Afrika.

„Derhalwe besluit hierdie vergadering om aan te beveel by die kongres dat die vorige besluit in verband met lidmaatskap van die party wat lede van die O.B. betref, so gewysig moet word om as volg te lees: „Die H.N.P. of V. van Transvaal is bereid om lede van die O.B.

toe te laat as lede van die party sonder dat geëis word dat hulle eers as lede van die O.B. moet bedank, op voorwaarde dat die Grootraad van die O.B. die volgende onderneming gee en 'n openbare verklaring te dien effekte te doen, naamlik:

„1. Dat die O.B. as organisasie hom geheel en al van die politieke terrein onttrek; „2. Dat die O.B. sy beleid laat vaar om: (a) die demokrasie te vernietig; (b) 'n gesagstaaf of partylose staat tot stand te bring; en (c) alle politieke partye te vernietig.”

(Kyk ook ons hoofartikel). (Die eerste voorwaarde is dieselfde as dr. Malan se eis in Augustus 1941 op Stellenbosch).

Koop dit by Die O.B. Vriendskap-Sentrum

Die O.B. - Vriendskap-sentrum op die sesde verdieping van die Groot Kerkgebou het weer 'n sprong vorentoe gevorder. Dit is nou moontlik dat Brandwagte hul toiletware soos tandepasta, skeer-seep, reukwater, lipstiffies, ens. hier kan koop.

Verskeie soorte sigarette word ook aangebied. Speelgoed is ook in voorraad.

Onthou dus wanneer u in Kaapstad kom en sigarette, reukwater, of iets anders nodig het, waar u dit kan koop.



Mnr. N. C. Havenga

doel: om die kragte wat nog tot my beskikking is aan te wend om die grootste eenheid moontlik te probeer verkry,” het mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, op Winburg verklaar toe hy verlede week 'n vergadering saam met adv. C. R. Swart toegesprek het.

Die Afrikanervolk het twee lesse geleer: verdeeldheid doem hom tot ondergang en maak hom magteloos op politieke gebied. Alleen samewerking kan ons red, het spr. verklaar.

Diegene wat aan die spits van die verskillende nasionale groepe staan, sal verdwyn, maar die volk sal bly. 'n Les wat geleer moet word, is dat die samewerking van twee volksgroepe nog nie tevredenheid kan gee nie. „U sal u bes moet doen om die ander nasionaalvoelende groepe ook in te skakel,” het mnr. Havenga gesê.

dat Amerikaanse sakemanne reeds voorsorg tref om hul vrouens en kinders uit die gebied te verwyder.

Die Mohammedane begin die blankes openlik bedreig en verklaar dat sodra hulle met die Hindoes afgereken het, hulle die blankes sal uitmoor as hulle nie maak dat hulle wegkom nie. Hulle het dit teen die welvaart van die blankes.

Pirow Kry £40 Boete

Adv. O. Pirow is verlede Vrydag in die Pretoriase magistratshof na skuldigebevinding van aanhitsing tot openbare geweldpleging tot £40 boete of twee maande tronkstraf veroordeel. Hy het die boete betaal.

Die aanklag teen adv. Pirow was dat hy tydens Mei 'n artikel onder die opskrif „Neem die Reg in Eie Hande” in Die Nuwe Orde gepubliseer het waarin hy ander aanspoor tot uitloek om misdaad te pleeg.

Haat In Indië Teen Blankes

Die vrywording van Indië en die tot standkoming van twee aparte state, hoofsaaklik op godsdienstige grondslag, het die gevoel van bitterheid teen die aanwesigheid van blankes in Pakistan dermate laat toeneem (Vervolg in vorige kolom)

Die K.G. Verjaar

(Vervolg van bl. 1)

U het 'n opdraende pad gegaan vandat u destyds die toekoms van u volk u keuse gemaak het. Ons kan maar net vermoed hoe steil u pad was. En ons weet dat u pad by die dag steiler word. Ons weet dat u nooit grootmoedige vyande gehad het nie. Ons weet dat u vriende u verloën het. En dat 'n medestryder(?) van u Republiek nog onlangs in die openbaar tot u nadeel die historiese stelling van Kain verdedig het: „Is ek my broer se hoeder?” Daarom moes wat u somtyds ondergaan het, vir u 'n groot vernedering gewees het. Ons weet dat u vyande — en, helaas u eie broers wat ook eenkeer oor 'n republiek ge-fluister het — geen manlikheid openbaar nie en die allersnodelikste wapens teen u en u Beweging gebruik.

SMAAD

Omdat u saak u erns is en omdat u as leier en siener, beter as ander raaksien wat vir hierdie volk wag, moes al die verdeeldheid, al die selfsug, al die mensonwaardige kleinlikheid vir u 'n groot smart en smaad gewees het. En ons het daartoe bygedra.

U volk wat u lief het en dien, nie soos ander dien deur eerste en veral hulleself te dien nie, maar selfloos en onverpoos, met u hele hart, met al u verstand en met al u krag, het u nog daaglikse verloën.

U het maar 'n Gideonse bende wat u idee met 'n daad in die Beweging huldig. Hoe tragies min is ons nie gemeent aan die gevare wat die toekoms en voortbestaan van ons land en volk bedreig nie? En hoe baie Afrikaners is net toeskouers, net passasiers wat 'n endjie wil saamry en afklim wanneer verantwoordelikheid en plig geverg word of gevare dreig? Hierdie vrae kan ons onself afvra: Is ons van diegene wat met die verstand insien dat u saak reg is maar nie die liefde in die hart het om hierdie oortuiging te dien nie? Of val ons onder die weinige wat die voorbeeld wat u lewe, hulle beleid maak, en hart en hande, tyd en kragte gee vir 'n saak wat dividende afwerp in 'n nageslag se veiligheid en geluk?

SOOS KAIN

En ons weet, ons wat ook probeer het om te dien en verantwoordelik te wees, ons wat probeer het om soos u alle ander belange op die agtergrond te skuif — ons weet hoe gebrekkig ons reggekry het om te wees wat ons moet wees. Want waar ons moes dien, het soveel kere waarde-in-eie-oog in die pad van plig aan ons saak gekom. En waar ons verantwoordelik moes wees teenoor ons broer wie se hoeder ons is, het ons alte graag soos Kain ons verpligtings met 'n skouerophaling ontdruk. En waar plig ons gedwing het om belangeloos te wees, het die self ingetree en vernietig wat nog nie eers opgerig is nie.

Ons het ons swakheid leer ken. En as ons wanhopig geword het, en moedeloos in die stryd, was dit omdat ons geweet het met watter materiaal ons K.G. 'n volk moet heropbou. Weerspanning, verdeeldheid, laksheid het nog nooit enige saak gedien nie. En ons weet dit het u nie tot die stryd besiel nie.

U kon alleen krag uit uself put. Maar ons het in ons donkerste oomblikke steeds geweet dat „Die K.G.” aan die spits staan. Ons het geweet ons het die groot man. Ons het geweet aan die spits sal sake nooit verkeerd gaan nie. Want aan die stuur is die stuurman met die helder brein, die warme hart, die fiere oog, die vaste hande. Ons is ryk! Ons het 'n toekoms!

HET VERGEET

Maar ons het vergeet u is ook 'n mens wat besiel moet word met getrouheid, standvastigheid, liefde en daadwerklike diens van ons wat vir u net so onontbeerlik in u stryd is as wat u onontbeerlik in ons stryd is.

Ons moet erken ons het beskamd gediën. Ons bydrae was skamel, ons liefde voorwaardelik. In die jare wat verby is, het ons ons pligte halfhartig aangedurf, het ons eerste geskerm vir eie veiligheid, eie gerief en eie voordeel. Hoeveel van ons, as ons ons hand vandag in eie boesem steek, sal met hande rein gewas deur diens aan 'n volkstaak, voor ons gewete staan?

Ons vier nou weer u verjaardag. Maar dit is geen fees nie. Want oor u hoof hang donker wolke. Ons weet u is persoonlik in groot gevaar, omdat u onverbiddelik in die historiese pad van Suid-Afrika gestap het. Ons besef u lewe en veiligheid gaan gemoeid met die onvolwasse wraakdorstigheid van die eertydse bondgenote van die Kommuniste—ons historiese vyande. Ons weet hulle gryp na alles in hulle bereik om die gemors wat hulle van die wêreld gemaak het vir hulle dupes te verdoesel. En ons weet hulle is instaat om alles op te offer, behalwe hulle self en hulle belange, wat die altaar vir die offerande is. Dit is u en ons misdaad dat ons teen so 'n swak gehalte vyand verloor het.

VREES

En ons vrees. Want u is die noodsaaklikste faktor in die Afrikaner se stryd om as Afrikaners voort te bestaan. U is die sleutel tot ons toekoms. Sonder u, is ons in die Beweging weeskinders en die Afrikanervolk dolendes. Ons weet die vyande van ons volk smee saam om hulle geroofde mag te misbruik en steeds SUID-AFRIKA se grootste seuns te verneder. Maar ons weet, wat die vernedering ookal mag wees, dit sal tot u eer strek en dit sal 'n weldaad aan ons volk bewys.

Generaal, u is ons vader en ons is u kinders. As God dit so beskik dat ons weeskinders sal word, hoop ons net dat die karakters wat u in die Ossewabrandwag gevorm het, nie deur tyd verbleek sal word nie en nie deur storms verweer sal word nie, en dat die leuse wat u nog steeds lewe, deur ons uitgelewe sal word: „EK IS MY BROER SE HOEDER.”

Genl. J. A. Smith Sé Dankie

Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, se gesondheid het dermate verbeter dat hy verlede week kon begin opstaan het, hoewel sy bewegings nog beperk bly tot die huis.

Genl. Smith wens al die goeie vriende wat tydens sy siekbed aan hom geskryf het en ook diegene wat gelukwensings gestuur het met sy verjaardag van harte te bedank. Weens die groot getal briewe en telegram-

Adelaide Verbeter Op Verlede Jaar

Die Kommando's van Adelaide het op hul funksie vir 8 Aug. die mooi bedrag van £75 gein — 'n vermeerdering op verlede jaar se bedrag. Daar is jukskei gespeel terwyl die vroue pannekoek en Koffie bedien het en ook ander ware verkoop het. Die verrigtinge is deur hoofkomdt. G. van de Vyver geopen. — (Ingestuur).

WOL VIR DUITSLAND

D.A.H.A. doen 'n dringende beroep op boere om van hul wolskeersel af te staan as geskenk aan Duitsland waar dit in klere verwerk sal word. Dit sal nie net klere en komberse vir die Duitse volk tydens die aanstaande winter verskaf nie, maar ook werk vir baie Duitsers.

Merk die wol wat u skenk met die woord D.A.H.A. en stuur dit saam met die res van u wolbesending na u eie makelaar. Alle makelaars het, soos ons verlede week berig het, toegestem om die wol te ontvang en te versend. Stel asseblief vir D.A.H.A., Posbus 340, Pretoria, in kennis wanneer u wol skenk.

Re-Unie Van Oudstryders

Die finale program van die Re-unie van Oud-stryders te Klerksdorp van 9 tot 10 Oktober is nou vrygestel.

Die verrigtinge begin om vieruur die middag van 9e Oktober. Gedurende die middag sal daar onder andere 'n fakkelloop wees en 'n groot vreugdevuur sal aangesteek word. Gedurende die aand sal die oud-stryders deur die burgemeester van Klerksdorp welkom geheet word.

Die daaropvolgende dag sal die ene bedrywigheid wees. Die program maak voorsiening vir 'n optog met 'n perdekommando, kranseleggings en verskillende toesprake. Die program is verkrygbaar van die sekretaris van die Reëlingskomitee, Posbus 160, Klerksdorp.

Oud-stryders word spesiaal daaraan herinner dat daar 'n tent op die terrein sal wees wat sal dien as inligtingsburo. Hier sal kentekens ens. uitgereik word. Alle feesgangers moet die bywoningsregister teken. Feesgangers moet ook sorg vir veldstoele en beddegoed.

me is dit vir hom onmoontlik om almal individueel te beantwoord.

„Mag hulle geseën word, want vir my het elke briefie, kaartjie of telegram verskriklik baie beteken in die beproewing wat my soms, en veral in die begin, net soos David in Psalm 88 laat voel het”, lui dit in sy brief.

Korter Broeke Vir Mans

Korter broeke vir mans wat die enkels sal sigbaar maak, word voorgestel deur vooraanstaande mode-ontwerpers in Hollywood. 'n Segsman van die Amerikaanse modewêreld het verklaar dat dit die eerste stap sal wees vir kleurvoller klere vir mans, waarby sokkies 'n belangrike rol sal speel.

Dit is te betwyfel of die mans vir hierdie voëlverskrikkerie te vinde sal wees.

HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN
DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....

vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam:

Posadres:

.....

.....

.....

Datum Handtekening

BRUIN SWITSERSE BEESTE

TEN VOLLE GEREJISTREERD.

Die WINTERBERG-STOET van Gerejistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek: G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

WERDA

Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

G. A. FICHARDT, Bpk.
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence

EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

Die Natuurwetenskap sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuilwer-hede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrekk volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC

HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD



• WAARDE

• KWALITEIT

• VERSKEIDENHEID

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

„DIE O.B.” WOENSDAG, 24 SEPTEMBER 1947

'n Rare Voorwaarde

Die besluit van die H.N.P.-kongres in Transvaal oor lidmaatskap en die Ossewabrandwag kan verwelkom word in sover dit 'n openbaring is van die begeerte van die volk tot eenheid. Maar die leiers van die party kan besluit nie gelukkig word met die „vordering” in die rigting van daardie volksbegeerte sover dit die inhoud van die voorstel self betref nie. By die deurlees daarvan blyk dit dat daar selfs agteruitgegaan is ten opsigte van die moontlikheid van samewerking. Waar die partyleiding voorheen van die gewone O.B.-lid wat by die H.N.P. wou aansluit, geëis het dat hy eers die Ossewabrandwag moet repudieer, daar eis die kongres nou dat die Grootraad van die Ossewabrandwag eers die Ossewabrandwag moet repudieer ten einde dit moontlik te maak vir sy volgelinge om lid te word van iemand anders se organisasie.

Die voorstel lui naamlik dat die H.N.P. of V. bereid is om lede van die O.B. toe te laat as lede van die party sonder dat geëis word dat hulle eers as lede van die O.B. moet bedank, maar dan op die voorwaarde dat die Grootraad van die Ossewabrandwag in die openbaar onderneem om die O.B. geheel-en-al van die politieke terrein te onttrek en af te sien van sy ideaal van 'n partylose staat. M.a.w. die Grootraad moet die Ossewabrandwag likwiedeer sover dit sy hele grondslag en strewe betref.

TWEE IDEALE

Die Ossewabrandwag is indertyd gestig met die twee hoof-ideale: Die uitkakeling van die partytuis soos ons dit rondom die Ossewaentjies beleef het toe daar nie gepraat is van Sap en Nat nie, dog van Neef en Niggie, en die nastrewing van die Voortrekkerideaal na 'n vrye Republiek — wat 'n politieke strewe is en dus binne die politieke terrein val, hoewel nie noodwendig die partypolitiek nie.

Dit is die twee dinge waarvoor die Ossewabrandwag gestig is, en om nou vir die soveelste keer te verwag dat die Ossewabrandwag hierdie ideale moet laat vaar, mag spreek van volharding, maar seer sekerlik nie van nugterheid nie.

As hierdie eise dan nog boonop gestel word as voorwaarde vir die twyfelagtige voorreg om lid te kan word van 'n politieke party wat sy wantroue in jou reeds bewys het, dan word dit al 'n bietjie belaglik. Maar dit word totaal verspot wanneer hierdie eis gestel word aan die leiers van die Ossewabrandwag self as voorwaarde dat hul volgelinge by 'n ander se organisasie kan aansluit. Asof dit die O.B.-leiding is wat, na alles wat gebeur het, verteer word deur 'n begeerte dat die H.N.P. se gelede moet groei!

NUTTELOSE GEBAAAR

Hierdie besluit van die H.N.P. kan ons nie anders beskou as 'n poging om die druk in eie gelede vir nouer samewerking te ontwyk deur 'n gebaar in die rigting van samewerking te maak nie. Ongelukkig is dit nie 'n gebaar wat die punte van ooreenkoms beklemtoon nie, maar die punte van verskil — en dus eintlik net olie op smeulende kole.

Niemand sal kwalik geneem kan word nie as hy ook verder daarin lees 'n erkenning dat die vorige eis aan O.B.-lede om hul organisasie te bedank en by die party aan te sluit, misluk het en dat daar nou weer vervat moet word. Ongelukkig vir die H.N.P.-leiding het hulle die greep om die pinkie gelos vir 'n greep om die lyf — waar hulle nie kon slaag om die gewone O.B.-lid tot ontrouheid teenoor sy organisasie te beweeg nie, word daar nou gepoog om die O.B.-leiding self tot ontrouheid te beweeg met die blye vergunning dat sy volgelinge dan mag aansluit by iemand anders se organisasie!

Dit is soos 'n man wat aan sy buurman sê: „Ek sal jou perde leen op voorwaarde dat jy jou kar wegmaak.”

Die taak van die H.N.P.-leiding op sy Transvaalse kongres was om dit vir die O.B. makliker te maak om hulle in die verkiesing te steun; hulle het daarin geslaag om dit vir die O.B. moeiliker te maak.

Die Hoofbestuur van die H.N.P. in Tvl. het blykbaar 'n belangrike feit uit die oog verloor, en dit is dat O.B.-lede lid kan word van die Afrikaner Party sonder enige voorwaarde. Daar bestaan dus geen behoefte om by die H.N.P. aan te sluit vir diegene wat aan die party-politieke stryd wil deelneem nie.

Lawrence En Vishinski

Mnr. Harry Lawrence, wat deur genl. Smuts na die vergadering van die V.V.O. as leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging gestuur is, het al somer in sy eerste toespraak sy land in die skande gesteek. In sy antwoord aan die Russiese verteenwoordiger het mnr. Lawrence gesê dat sy regering die oë gesluit het vir sekere anneksasies van grondgebied deur Rusland, en dat Rusland ten minste dieselfde kon gedoen het wat Suid-Afrika se binnelandse aangeleenthede betref.

Met hierdie antwoord het mnr. Lawrence Suid-Afrika op dieselfde sedelike vlak as dié waarop Rusland staan, gaan plaas — dié van die boef. Suid-Afrika sal die oë toehou vir die verkragting van diereg en dan verwag hy as beloning (Vervolg in volgende kol.)

S.A. EN DIE DEVALUASIE VAN STERLING

Afwagende Houding Nodig

NET ANDERSOM

Wat die V.S.A. betref, is die posisie presies die teenoorgestelde van dié van Engeland. Waar Engeland met 'n gaping van moontlik £500 miljoen in sy betalingsbalans opgeskeep sit, het die V.S.A. weer 'n £2,500 miljoen surplus in sy buitelandse handelstransaksies,

(Deur dr. D. G. Franzsen)

d.w.s. hy voer tans teen die tempo van 16 biljoen uit, teenoor slegs 6 biljoen se invoere.

Engeland sal dus deur druk op die sterlinglande, soos Suid-Afrika, uit te oefen, moet probeer om 'n groter persentasie van die goedere wat vandag deur die V.S.A. aan die wêreld voorsien word, self te voorsien. Die vraag is nou of hy in staat sal wees om teen laer pryse in die wêreldmark te kan konkurreer, selfs indien hy daarin sou slaag om sy produksiepoging so uit te brei dat hy sy uitvoere binne die volgende paar jaar met 50 tot 75% vermeerder. Dit nog te meer wanneer die huidige opgehoopte aanvraag na artikels wat gedurende die oorlog moeilik verkrygbaar was, min of meer versadig is.

MAG NODIG WORD

Onder hierdie omstandighede mag dit dan vir Engeland nodig wees om te depresseer om soodoende 'n ekstra stimulus vir sy uitvoerbedrywe in hul konkurrensie teen die V.S.A. e.a. industriële lande te verskaf. Maar dit is nog nie in hierdie stadium moontlik om te sê wanneer die tyd ryp vir so 'n noodmaatregel mag wees nie. Dit sal afhang van Engeland se produksiepogings, en tweedens volle indiensneming in die res van die wêreld, sodat die vraag na die uitvoerartikels van Engeland nie (as gevolg van 'n algemene wêrelddepressie) sal krimp nie.

SUID-AFRIKA

Suid-Afrika, as sterling- en dominiële land, word in albei situasies ten nouste geraak deur Engeland se handelsbeleid. Indien Engeland voortgaan op die huidige weg van soveel van die wêreldhandel as moontlik in die sterlinggebied, ten koste van die V.S.A., te konsentreer, sal Suid-Afrika, om dollars te bespaar, so min as moontlik in die nie-sterling lande mag koop. Dit sal tot die vorming van 'n aparte dollarblok aanleiding gee. Aangesien die meeste S.-Afrikaanse goedere, afgesien van goud, aan sterlinglande verkoop word, sal dit die beste wees om in die sterlingblok te bly. Daar sou egter geen verpligting op die Unie wees, op suiwer ekonomiese gronde, om hom uitsluitend op een of ander bepaalde blok te verlaat nie, aangesien, as goudproducent, ons orals kan koop, en met goud daarvoor kan betaal.

INGEWIKKELD

Die posisie is heelwat meer ingewikkeld in die geval waar Engeland, indien die jongste Attlee-program sou misluk, en by afwesigheid van verdere hulpverlening van die V.S.A., b.v. binne die raamwerk van die Marshall-plan, gedwing word om te devalueer. Indien Suid-Afrika nie Engeland se voorbeeld volg nie, sal invoere vanuit En-

geland hierheen aangemoedig word, aangesien ons meer met die Suid-Afrikaanse pond in Engeland sal kan koop. Die posisie van ons uitvoerindustrieë is egter nie gunstig onder hierdie omstandighede nie. 'n Enkele voorbeeld kan genoem word. Tans koop Engeland ons goud teen ongeveer 172/-. Omdat Engeland se geldeenheid minder werd is in hierdie omstandighede, sal Suid-Afrika minder in terme van Suid-Afrikaanse sjellings ontvang. Dis egter onwaarskynlik dat die Unie in so 'n toestand, as dit mag ontstaan, hom by die kontrak om 'n vaste goudhoeveelheid teen bostaande prys aan Engeland te lewer, sal hou.

AFWAGTEND

Dit is nie ons taak om hier op al die fynere punte wat die betrekkinge tussen die Unie en Engeland raak, ingeval Engeland depresseer, en ons ons eie geldbeleid volg, in te gaan nie. Die vernaamste voorsorgsmaatregel wat die Unie tans moet tref m.b.t. die moontlikheid dat Engeland skielik sal depresseer, is om nie groot kredietbalanse in terme van sterling op te bou nie. Dit sal ons van die ly van verliese t.o.v. sterlingdepressie vrywaar. Wat ons algemene geldbeleid betref, moet ons houding bloot 'n afwagende een wees. Dit is gewaagd om nou reeds te veel van 'n eie geldbeleid m.b.t. die buiteland te wil praat. Wêreldhandel word gemaak en gebreek deur die V.S.A. en Brittanje, as die twee grootste invoerders en uitvoerders.

DEPRESSIE

Indien hierdie twee lande binne die volgende paar jaar nie daarin sou slaag om 'n redelike indiensnemingspeil te behou nie, sal hulle die hele res van die wêreld saam in die depressie sleep.

Die Unie, as een van die mins selfversorgende lande in die wêreld, is nie in 'n posisie om hom te kan isoleer van wel en wee van die wêreldhandel nie, soos b.v. met 'n Rusland die geval is. Dit is dus in die Unie se voordeel dat daar 'n oplossing vir die Britse betalingsbalansmoeilikhede en die dollartekort gesoek word. Terselfdertyd is dit ons plig as jong, ontwikkelende land om te sorg dat die tempo van die ontginning van ons bronne nie diensbaar gemaak word aan die struktuurmoeilikhede van die ouere industriële lande soos Engeland en Noord-Europa na 'n Wêreldoorlog ondervind nie. As die Unie allerhande beperkings op sy industrieë moet lê omdat Engeland sy uitvoere na die Unie wil uitbrei, of indien ons uitvoerindustrieë geskaad word deur kwotas wat aan ons van oorsee voorgeskryf word, of weens wisselkoerskonkurrensie, dan is dit in ons belang om in ons geldelike en handelsbeleid te diskrimineer ten gunste van dié lande wat in staat is om op 'n basis van wedersydse voordeel met ons sake te doen.

BINNE 24 UUR nadat die prysbeheer oor meel in Kanada opgehef is, het die prys daarvan met 90 persent toegeneem. Brode wat voorheen 8 en 11 sente gekos het, kos nou 11 en 14 sente onderskeidelik.

V.S.A. DEPORTEER KOMMUNISTE

Die Amerikaanse regering het besluit om alle vreemde Kommuniste uit Amerika te deporteer. Hiermee het Amerika die pas aangegee vir die Westerse lande om sy voorbeeld te volg en die aanhangers van 'n ondergrawende staat in die pad te steek.

Daar is verklaar dat Amerika die eerste teen John Stanton, organiseerder van die vervoerwerkersbond, wat tans met 'n busstaking in New York dreig, sal optree. Stanton het in 1927 uit Romenië na Amerika as student verhuis.

Die Amerikaanse stap spruit voort uit die onlangse onthullings waarin die bedrywighede van die Kommuniste in Amerika aan die lig gekom het. 'n Voormalige amptenaar van die Russe in Amerika, Kravchenko, het o.a. voor die Amerikaanse senaat getuigenis afgelê waarin hy verklaar dat geen Russiese ekonomiese afgevaardigde na Amerika vertrek sonder die opdrag dat hy geheime dokumente moet insamel nie.

In Suid-Afrika bestaan die Russiese konsulaat uit 'n lywige personeel van 17 lede. Hierdie getal is heeltemal buite verhouding met die handelsaangeleenthede tussen die Unie en Rusland. Gedurende die eerste ses maande van verlede jaar het die Unie vir 'n onbeduidende bedrag van £8 na Rusland uitgevoer en goedere ter waarde van £8,000 ingevoer.

SJINA WIL KOMMUNISTE VERPLETTER

Die sentrale Sjinese regering het besluit dat die verplettering van die Sjinese kommuniste as 'n gewapende politieke mag sy eerste taak is. Die verklaaring lui dat die stryd die dood of lewe van Sjina sal beslis.

GAPING TUSSEN IN- EN UITVOER STEEDS GROTER

Nieteenstaande die geweldige pogings wat die Britse Regering aanwend om die in- en uitvoer van Engeland te laat klop en die ongunstige handelsbalans van £700,000,000 per jaar uit te skakel, is al sy pogings tot dusver sonder sukses.

Tydens Junie het die Britse invoer die uitvoer met £60,500,000 per maand oortref. Die optimistiese beskouings van die regering dat die gaping tydens Julie darem kleiner sou wees, het ongegrond geblyk. Tydens Julie het Brittanje goedere ter waarde van £179,200,000 ingevoer en kon hy maar net vir £114,000,000 uitvoer. Dit laat 'n uitvoertekort van £64,600,000 — 'n gaping wat £4 miljoen meer is as tydens Junie.

Die syfers vir Augustus toon 'n verdere verslegting. Brittanje kon maar net vir

£93,600,000 uitvoer en moes om aan die lewe te bly, £168,600,000 se goedere invoer. Die gaping tussen in- en uitvoer het dus vir Augustus op £75 miljoen te staan gekom — £15 milj. meer as twee maande tevore.

Bereken volgens die Augustus-peil, is die jaarlikse uitvoertekort van Brittanje tans sowat £900,000,000. Volgens Attlee was die verskil tydens 1946 ongeveer £400,000,000. Vir die eerste ses maande van die jaar was die £700,000,000 per jaar.

Britte Ondervind Diktatuur Aan Eie Lyf

Die Britse regering het homself met diktatoriale mag bekleed om diegene wat in Engeland werkloos raak en diegene wat nie in noodsaaklike bedrywe werksaam is nie, in werk te stop wat hy meen noodsaaklik is om Engeland se krisis te bowe te kom. Leegglêers en persone wat werkloos raak, loop dus gevaar om in die steenkoolmyne te gaan werk waar die grootste behoefte aan arbeid is.

Die regering behou die reg om arbeiders van die een bedryf na die ander en van een nywerheidsgebied na die ander te verskuif. Diegene wat hulle hier teen verset, sal 'n potjie met die regering loop. Die bevel is vanaf 6 Oktober van krag waarna alle werkverskaffing deur die staat gereël sal word.

SELFS VROUE

Die bevel maak voorsiening dat alle manspersone tussen 18 en 50 jaar en alle vroue tussen die ouderdom van 18 en 40 hiervoor in aanmerking kom. Waar die vaders van gesinne van hulle huise verskuif word, sal hulle 'n ekstra toelae ontvang. Vrouens met kinders kom nie in aanmerking vir hierdie drastiese maatreëls nie.

Die verplasingbevel bly ses maande van krag. Daarna sal dit moontlik weer hernu word. Werkgewers word verbied om die verskuifde persone sonder 'n baie grondige rede te ontslaan. Dit is 'n groter inkorting van persoonlike vryheid as wat daarvoor die oorlog in Duitsland bestaan het — waarvoor daar 'n oorlog gevoer moes word.

tale en in sommige gebiede sal ook Bantoe-tale aangeleer word. Aandag sal ook bestee word aan vakopleiding, burgerleer, godsdienstige onderrig en liggaamsopvoeding.

DEPORTASIE VLAK VOOR WINTER

Met toegewings slegs ten opsigte van 19 uit die 251 Duitsers wat vir deportasie deur die De Villierskommissie aanbeveel is, het die regering besluit om hierdie Duitsers op 15 Oktober te laat skeepgaan vir deportasie na Duitsland.

Met hierdie daad span die regering die kroon op sy wreakebeleid. Die gedeporteerdes sal nl. in Duitsland afgelaai word aan die begin van die Europese winter sonder enige heenkome,

Krisis In V.V.O.

Die stitting van die V.V.O. is verlede week in Amerika begin met skeldtaal en wedyryse beskuldigings tussen die Grotes. Die belangrikste vraagstuk is die voorstel van genl. Marshall om die veto-reg van die Grotes te beperk. Die vrees bestaan dat dit kan lei tot die onttrekking van Rusland en sy satelliete aan die V.V.O. en dus tot die finale vestiging van twee wêreldes.

S.A. se houding teenoor die Indiërs en Suidwes sal ook weer ter sprake kom indien die liggaam sy agenda oorleef.

en juis op 'n tydstip wanneer aangekondig word dat daar weens die voedselskaarste in die Amerikaanse en Britse besittingsgebiede 'n verdere inkorting van 100 kalorieë per dag ingestel sal moet word.

Die kampioene vir „Christelikheid" het na twee en 'n half jaar van na-oorlogse ontsitting nog nie geleer wat die elementêre beginsels is waarvoor hulle voorgegee het om te veg nie.

kom van wie 4,000 op plase woon. Die plan sal die staat sowat £80,000 per jaar kos.

Die Sekretaris van Onderwys verklaar dat 'n volk met die ontwikkeling van 'n Std. VI-kind homself nie in die moderne wêreld kan handhaaf nie.

Die klasse sal voorsiening maak vir onderrig in die lands- (Vervolg in kol. 1)

Onderwys Tot Op 18 Jaar Verplichtend

'n Omvattende plan om voorsiening te maak vir verpligte deeltydse onderwys tot die 18e jaar of die aflegging van die Senior Sertifikaat-eksamen is deur die Sekretaris van Onderwys opgestel. Indien die openbare mening ten gunste is van hierdie plan, sal wetgewing aangaande jaar ingedien word om dit van krag te maak.

Volgens die raming sal 20,000 persone hiervoor in aanmerking

EXCELSIOR MEUBELS BPK. AFRIKAANSE PIONIER

IN DIE MEUBELBEDRYF

Waar Afrikaanse hout deur Afrikanerhande verwerk, en meubels voortgebring word, wat bestem is vir geslagtelange diens —

MEUBELS VAN NAAM!

Vra vandag om katalogus — gebruik die koepoon.

EXCELSIOR

Meubels BPK.

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS.

Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Geliewe my u jongste katalogus en pryslys per kerende pos aan te stuur. Ek stel veral belang in.....

NAAM.....

ADRES.....

O.B.20/8/47

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

A.V.B.O.B.

Lykbeporgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

OLIE en WATERVERF

VIR KUNSTENAARS EN STUDENTE

SO PAS AANGEKOM!

WINDSOR EN NEWTON-MAAK

OLIEVERF:

Flake White en Zinc White: 10d., 1/10, 2/2, 3/3 per buisie

Die Volgende Kleure:
11d. per buisie

Paynes Grey; Deep Ultramarine; Permanent Blue; Terra Verte; New Blue; Naples Yellow; Harrison Red; Alizarin Crimson; French Ultramarine; Scarlet Lake.

Die Volgende Kleure:
10d. per buisie

Burnt Sienna; Indian Red; Burnt Umber; Ivory Black; Light Red; Raw Umber; Raw Sienna; Yellow Ochre.

Die Volgende Kleure:
2/- per buisie

Vermillion; Aurora Yellow; Permanent Blue; Naples Yellow.

Die Volgende Kleure:
3/6 per buisie

Cadmium Green; Cobalt Green; Cadmium Orange; Cadmium Deep Red; Cadmium Yellow; Auredin; Cobalt Blue.

Rose Madder: 5/9 per buisie

Die Volgende Kleure:
2/2 per buisie

Grootbuisie
Burnt Umber; Yellow Ochre; Light Red; Raw Umber.

WATERVERF

Serie 1 — 10d. 1-pan

Naples Yellow; Light Red; Indian Red; Raw Umber; Yellow Ochre; Permanent Blue; Burnt Umber; Venetian Red; Ivory Black; Raw Sienna; Chinese White; New Gamboge.

Serie 2 — 1/2 1-pan

Alizar; Carmine; Scarlet Lake; Sepia; Rose Madder; Aliz. Crimson.

Serie 3 — 1/6 1-pan

Lemon Yellow; Cadmium; Orange; Cobalt Blue; Oxide of Chromium; French Ultramarine.

Serie 4 — 2/- 1-pan

Cadmium Yellow; Cadmium Red; Vermillion; Auredine.

Pro Ecclesia- Boekhandel

POSBUS 28

STELLENBOSCH

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Keuringswings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (vergyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeding en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

TRUTER. — Aan hoofkommandant en mev. J. D. de Villiers Truter, van Kaapstad, 'n fris Boereun op 15 September, in Delherbe. Ons is innig dankbaar. 24/9/1

HUWELIK

LATSKY—JOUBERT. — Die huwelik van Lida Joubert, Wolsley, met Justus Latzky van Carnarvon, vind Saterdag, 27 September 1947 om 3.30 n.m. plaas op Wolsley.

ZULCH—VISSE. — Hilda Visser en Robbie Zulch (J.B. seun) maak bekend dat hul op Woensdag, 1 Oktober (D.V.) om 3-uur n.m. te Sutherland, die huweliksbootjie betree. Gelukwensing—Kerksaal, Sutherland. 24/9/1

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandeigang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en geestig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

DOODBERIG

SYBRAND VAN NIEKERK. — Sag verhuis na sy Heer, op Maandag, 15 September 1947, in die Hospitaal, Pretoria, aan ruggraatkoors, na 'n lang bitter lyding van 3 maande. Diep betreur deur sy broer en suster, Gert en Berta Alheit. 24/9/1B

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Elendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENT-SKAP, Henneman (Elenas Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme „Weta“. 16/4/TK

BETREKKING GEVRA

DAME soek betrekking as kassier, tikster of klerk. Baie goeie getuiskrifte. Kan onmiddellik betrekking aanvaar. Skryf of telefoneer aan: MEJ. E. HESSE, Kloofstraat 171, Kaapstad. Telefoon 2-7695 voor 10 uur vm.

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS: Pragtige, gesonde en vars, graad I, teen 18/- per 150 lb. Eier-grootte. Saadaartappels, tweede na ingevoerde, 20/- per 150 lb. Skotse Up-to-date, 25/- per 150 lb. Almal V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakkies wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid.—S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 10/9/TK

AARTAPPELMOERE. — „Irish Up-to-date“ aartappelmoe, eerste na ingevoerde. Pragtig uitloop. Regeerings-gesertifiseerde saad van die Kalkfontein Moerkwekersvereniging, Rietrivier. A-graad, 1½ tot 5 onse 30/-; B-graad, 5 tot 8 onse 27/- per sak, ook gedip. K.M.B. my haite. — G. D. VAN DER MERWE, Waveren, Pos Emmans-sylyn. 17/9/3B

BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waattlemoen 10/-; Kropsaal 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½ lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

PATATRANKE. — Uitstekende rooigrond-patatrake. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1,000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

PATATRANKE. — Mooi en reg vir plant. Sesmaande 6/6 per 80 lb., driemaande wit 10/- per 80 lb.; 7/6 per 60 lb. Sesmaande, driemaande wit en borriesteggies 6/- per 1,000. V.O.S. Serpentine. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 17/9/TK

PATATRANKE. — Reg vir plant. Sesmaande 5/6 per 70 lb., Driemaande Wit 8/- per 70 lb., Borrie 10/- per 70 lb. Sesmaande Steggies 5/- per 1,000, Driemaande Wit 5/- en Borriesteggies 12/- per 1,000. Patats K.M.B. — H. ROELOFFSE, P/s SERPENTINE, Dist. George. 17/9/TK

PATATRANKE. — Mooi uitgespruite ranke. Sesmaande 7/- per 80 lb., Driemaande Wit 10/- per 80 lb. Sesmaande en Driemaande wit steggies teen 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine-sylyn. K.M.B. — J. GERBER, P/sn., P.K. HOEKWIL, Dist. George. 17/9/TK

PATATRANKE. — Pragtige, gesonde kortlied rooigrond-sesmaande Patatrake teen 6/- per 80 lb. kontant. Gelewer op Kleinbrakstasie. — THINUS TERBLANCHE, Dagbreek, Pos GONAKRAAL. 3/9/TK

PATATRANKE: Sesmaande, 6/6 per 80 lb.; driemaande wit, 8/6 per 60 lb.; steggies, 6/- per 1,000. K.M.B. — A. F. DE VILLIERS, Brandwacht, MOSSELBAAL. 10/9/6B

PATATRANKE. — Sesmaande 5/6 per 60 lb.; driemaande 10/- per 80 lb. Sesmaande-, driemaande- en borriesteggies, 6/- per 1,000. K.M.B. gelewer Serpentine. Tevredenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, C/sn., P.K. Hoekwil, GEORGE. 17/9/TK

SAAI HERHOLDT SE VARS SAAD NOU—Skep u tuin om in 'n Paradys. Ingevoerde Nantes suikersoet kernlose vroeë wortel—onoortrefbaar vir mark en huisgebruik: ons, 2/-; lb., 15/6. Brunswiek-, Surehead-, Copenhagen-koolsaad: ons, 2/-; lb., 17/6. Plat „kring“ soet. Boerpampoen: ons, 1/6; lb., 10/6. Detroit donkerrooi Beet: ons, 1/-; lb., 10/6. Keurige blomsoorte 'n spesialiteit. Reuse Jumbo en nuwe Butterfly gekartelde Gesigles in reënboogkleure, Blackmore en Hollyhock Delphiniums. Mrs. Dwight Eisenhower Petunia, almal 2/6 pakkies. Tetra gekartelde Leuebekkies, 1/6. Giant Crested en David Burpee Jacobegreg, 1/6. Mammoth Mum Afrikaans, 2/-; Globe of Fire en dwerg Sky Rocket bloed-rooi Salies, 1/-; Fire Feather en Golden Feather Celosia vir briljante beddings, 1/-; Populere soorte Groente en Blomsaad, 6d. per pakkie. Voeg 1/- by vir posgeld. Katalogus gratis.—HERHOLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, JOHANNESBURG. 10/9/3

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar...die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

FOTOGRAFIE

Stuur u ROLFILMS na BERNARD ATELJEE, Bus 755, Kaapstad, vir ontwikkeling en afrukke. Ontwikkeling van films 6d. elk. Afrukke 620 of 120 kiekies, 3d. elk; 616 of 116 kiekies, 4d. elk; Poskaart 9d. elk. Kontant met Bestelling. 17/9/4B

GEMENG

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goet vir tute, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteels, Voertroe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

SOLIEDE paneel Imbulu-klerekaste, 4 vt., £23/10/-; 3 vt. 6 dm., £19/14/6. Laalkas (drie laale), Linnevou Imbulu, £15/17/6. Binneveermatrasse. Meccanostelle. G.E.C. Elektriese waniers, £6/13/6. — ELEKTRON, Keeromstraat 18, KAAPSTAD. Foon 2-5060. 10/9/TK

RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisistatennemmers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout 12-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout 12-13-6. Vry gelaat soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s No. 4, Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

TE KOOP AANGEBIED

DEKGRAS. — 4,000 gerwe dekgras, gemiddelde lengte 5 vt., deursny van gerwe 6 duim. Prys 25/- per 100, gelewer op die plaas. Op Clarens gelewer 3/- ekstra per 100 om almal of gedeelte te neem. — Doen aansoek: ROOS, Bokpoort, P.K. CLARENS. 17/9/2

JUKSKEIE. — Bottelvormige skeie, 3/9; kopskeie 4/6; argkantige skeie 5/- en Natalskeie 5/6 per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 17/9/TK

SNYMASJIE. — Een sewe-voet Ruston en Hornsby-selbinder, byna nuut. Een jaar gesny. Nog goeie platformsell, kom twee bo-selle kort, asook vlerke. Rede van verkoop: eienaar het sny-dorsmasjien. Prys £10 gelewer Zakrivierstasie. Skryf aan: VAN DER MERWE, P.K. Blokzynekolk, OOR BRANDWIL, K.P. 24/9/2B

Tronk-toe

(Vervolg van bl. 7)

Sondae en om half-vier ander weksdae gegee, en bestaan gewoonlik uit dieselfde flou groentesoep met 'n stuk brood daarin. Hierdie aaklige etes word in die kombuis gekook (ek kan nie sê „voorberei“ nie) deur nie-blanke bandiete.

Word vervolg.

Verjaardagketting

SEPTEMBER:

24 Marina Swanepoel, Beaufort-Wes; Mariaan Roux, Paarl.
25 Anna Marais, Loxton.
26 Karel Pauw, Wellington.
27 Lenie Bronner, Stella; Louise Hattingh, Frankfort.
28 Willem Pretorius, Frankfort.
29 Helena Jacobs, Vaalwater; Elizabeth Kotze, Jeppe; Annelie Brink, Stellenbosch; Petrus van der Westhuizen, Stella.
30 Dina Nortje, Koster; Elizabeth van Rensburg, Kakamas; Ernest van der Merwe, Paarl; Hendrik Pretorius, Frankfort.

OKTOBER:

1 Hermanus Bezuidenhout, Potchefstroom.
2 Martha Engelbrecht, Groot Marico; Anna van Wyk, Boshok; Susara Coetzee, Bosbokrand; Wilhelmina Swart, Paulpotgietersrust.
3 Martha Fourie, Stutheim; Eliana du Toit, Paarl; Maretha Retief, Wellington; Zacharias Jacobs, Vischgat; Stephanus Venter, Schuinsdrift.
4 Louisa van Wyk, Moolnoot; Dorothea Mynhardt, Stella; Estelle van Wielligh, Perdeberg; Petronella Wagener, Oudtshoorn.
5 Nancy van Zyl, Paarl.
6 Jacobus Kuhn, Robertson.
7 Betsie Pretorius, Moolnoot; Francols Joubert, Hugenoot.

Sweedse Mans Word Langer

Statistieke in Swede toon dat die gemiddelde lengte van manspersone besig is om toe te neem. Die gemiddelde hoogte van soldate in die leër was voorheen 5 vt. 7½ dm. Die jongste opgaawe toon dat die gemiddelde lengte van mans met 1½ dm. in die afgelope tyd toegeneem het. Onder die rekrute wat onlangs in die leër opgeneem is, was 538 persone 6 vt. 3 dm. lank. Verlede jaar was daar slegs 488 sulke groot persone en aan die begin van die eeu was daar slegs 100. Die Swede het die hoogste liggaamslengte van die blanke volke, maar is nog altyd oortref deur die gestalte van die Afrikaner wat 'n gemiddelde lengte van 5 vt. 9½ dm. het.

Beter Middel Teen Malaria

Die Amerikaanse mediese wêreld het 'n middel uitgevind om terugkerende malaria by persone wat die siekte gehad het, te verhoed: Die sukses is die gevolg van oorlogtydse navorsing om die lot van Amerikaanse soldate in die tropiese eilande te verlig.

Dr. Alf Alving van die Universiteit van Chicago het hierdie nuwe middel wat die naam van Pentaquine dra, onlangs bekend gemaak. Die samestellings is chemies byna dieselfde as die van die Duitse Plasmochia.

Proefnemings het bewys dat indien hierdie middel saam met kinien toegedien word, die tweede aanval van die siekte van 98 persent tot 16 persent vermindert is.

Die Amerikaanse leër het bereken dat hulle minstens 16,000,000 vegsdae aan malaria verloor het.

STROPER. — Een model F Case Stroper, feitlik nuut. Verkoop weens aanhoudende droogtes. Doen navraag by: W. S. J. LOMBARD, Fontein, ADELAIDE. 24/9/3B

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beemmel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beemmel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton. 24/9/2B

Houding Teen Spanje Deur Engelse Blad Skerp Veroordeel

Indien Brittanje van mening is dat die Franco-bewind in Spanje ongewens is en homself daardeur wil regverdig om in die huishoudelike sake van die Spaanse regering in te meng, is dit ook logies dat Amerika en Rusland met Britse huishoudelike sake kan inmeng as hulle nie daarmee tevrede is nie. So skryf die Natal Witness in 'n hoofartikel waarin hy die pogings om in die huishoudelike sake van Spanje in te meng, ten sterkste afkeur.

Die Natal Witness verwys na die onlangse poging op die Britse vakbondkongres waar voorgestel is dat ekonomiese maatreëls teen Spanje toegepas moet word, en wys op die gevare dat so 'n optrede inhou. Indien daar so teen Spanje opgetree word, sal dit aanleiding gee dat die Spanjaarde Franco nog meer ondersteun, of Spanje mag in so 'n toestand gedompel word dat die land maklik onder Russiese invloed te staan kan kom. Die huidige Spaanse bewind is verkiesliker as iets anders, meen die blad. Vir Brittanje sal dit ook nadelig tref deurdat hy hierdeur 'n deel van sy handel sal verloor.

Dit is beslis tyd dat die beginsel van nie-inmenging in ander lande se huishoudelike aangeleenthede meer in ag geneem word. Indien elke land van die standpunt uitgaan dat hy in die huishoudelike sake van 'n ander kan inmeng, sal dit gedurig aanleiding gee tot onrus en bitterheid, verklaar die blad.

NIE SOOS RUSLAND

Elke land is ongetwyfeld geregtig om sy afkeuring uit te spreek oor 'n ander land se staatsvorm, maar dis heeltemal iets anders as maatreëls teen die land in werking gestel word op grond van ideologiese verskille. Dit mag miskien geregverdig wees as Spanje soos Rusland van elke geleentheid gebruik maak om sy invloed en ideologie uit te brei; maar Spanje doen niks van hierdie aard nie.

Daar is per slot van sake nog waarheid in die spreekwoord dat mense wat in glas-huise woon nie met klippe mag gooi nie, vervolg die blad. „As die Britse oortuiging dat die

Franco-bewind 'n slegte regeeringsvorm is, hom die reg gee om daarmee in te meng, op water logiese grond kan hy Rusland en Amerika kwalik neem as hulle met sy huishoudelike sake inmeng? Baie Amerikaners is van mening dat die Britse sosiale en staatkundige struktuur heeltemal ondemokraties is.”

Middel Teen Kinder-Verlamming

Mediese navorsers in New York maak daarop aanspraak dat hulle 'n middel uitgevind het wat rotte immuun maak teen kinderverlamming.

Die middel is saamgestel uit stowwe uit die brein en ruggraat van ape en rotte wat met die siekte besmet is. Daar is nie verklaar of die middel al op mense uitgetoets is nie.

Babas Oorsaak Van Krisis

'n Skoolkrisis dreig in Amerika as gevolg van die feit dat die eerste sarsie oorlogsbabas nou skooltoe moet gaan. Dit word verwag dat die kinders van ses jaar wat nou skooltoe moet gaan, die aantal skoolkinders in Amerika met nege persent sal laat toeneem. Daar sal na verwagting 'n tekort aan skoolgeboue wees.

Die Amerikaanse volk het sedert 1940 met byna 11 miljoen vermeerder.

2,424 SPYKERS UIT MAN SE MAAG

'n Kaapstadse skrynwerker wat moeg geword het vir die lewe, het as gevolg van 'n skielike ingewing op 'n sekere dag begin om hande vol spykers te eet, en volgens hy vertel het hy nie minder as vyf hande vol met water na binne gewerk nie. Hy is daarna in 'n stedelike hospitaal opgeneem en dokters het nie minder as 2,424 spykers uit sy maag gehaal. Hy maak tans goeie vordering.

Nadat hierdie 29-jarige oudsoldaat die spykers ingesluk het, het hy begin sleg voel en geskrik. Hy het na 'n dokter gegaan wat hom aanvanklik nie wou glo nie. Hy is tans weer op die been en sal een van die dae gaan werk. Hierdie merkwaardige voorval het groot belangstelling in mediese kringe veroorsaak.

Die operasie het 1½ uur geduur. Die spykers is met behulp van 'n telepel uitgehaal en dit het geblyk dat daar nie minder as 2,424 spykers in die maag saamgekoek was nie. Dit het 10½ onse geweeg. Sommige was ½ duim en ander 'n duim lank.

Die pasiënt het erken dat hy

op vorige geleentheid ook al naalde en spelde ingesluk het. Hiervan kon die dokters egter niks in sy maag kry nie.

Verseker u Toekoms deur die Eienaar te word van VASTE EIENDOM

* BOUPERSELE
* WOONHUISE
* PLASE
* BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 73 Foon 0028
S T R A N D

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG 24 SEPTEMBER 1947

AAN ONS K.G. VAN HARTE GELUK!

„My wagwoord is: Plig, diens ter ere van my God en vaderland. Mag God my hierin getrou maak en krag gee.”

Dit is die slotreëls van die eed van trou wat dr. J. F. J. van Rensburg op 15 Januarie 1941 afgelê het in die aanwesigheid van 'n skare van 5,000 op Kroonstad, toe hy as Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag ingesweer is. Niemand het toe kon dink wat dit van hom sou verg om hierdie eed gestand te doen nie — watter vernederende aanvalle hy van vriend en vyand sou moes verduur nie — watter vasberadenheid en taaie volharding die moeilike oorlogsjare sou vereis nie. Tog het hy dwarsdeur dit alles hierdie gewigtige eed na die beste van sy vermoë nagekom, en vandag is elke lid van die Ossewabrandwag, en elke Boere-seun en -dogter met reg trots daarop om na hom te kan op sien as ons K.G.

Op 24 September 1893 is dr. Van Rensburg in Winburg gebore. Nadat hy sy skoolopleiding aldaar voltooi het, is hy na Stellenbosch waar hy die M.A.-graad in Duits verwerf het. Aan die Universiteit van Pretoria het hy verder in die regte studeer en die graad LL.B. behaal. Daarna tree hy in diens van die departement van Justisie, maar studeer intussen ook vir sy Doktorsgraad in die Regte aan die Universiteit van Stellenbosch, wat hy dan ook in 1930 behaal. In 1933 word hy Sekretaris van Justisie, en daarna Administrateur van die Vrystaat.

Intussentyd het dr. Van Rensburg ook op militêre gebied presteer. Ook hier het hy vinnig opgang gemaak en is later aangestel as bevelvoerder oor die Sesde en later die Vierde Brigade. Maar omdat hy by die uitbreek van die afgelope Wêreldoorlog geweier het om die wapen teen sy mede-Afrikaner op te neem, indien dit „nodig” sou blyk, is sy ontslag as militêre offisier hom toegesê.

Vandag herdink ons K.G. weer sy geboortedag. Hiermee wens die Boerejeug hom van harte geluk en gee hom die versekering dat ons blymoedig volg waar hy lei.

IN DIE TRONK

(Vervolg)

Deur Krisjan

Ses-uur Sondagoggend word die lig aangeskakel en word ek opgejaag. Ek was baie bly. Die eerste lang nag was agter die rug. Ek staan op, rek my uit, soos 'n bees dit soggens doen, en voel dat ek kraak van die koue. Ek kan nooit glo dat 'n mens so koud en styf kon word nie!

'n Rukkie later is daar weer getel en moes ek haastig opspring. Daarna is die deur weer met die opvallende geraas oopgesluit en is ek aangesê om te gaan was. Hieroor was ek in my skik, want nou kon ek tog sien hoe die tronk van binne lyk. Ons stap in 'n lang gang af tot in die werf by 'n oop plat wasbak langs twee privaathuisies, sonder enige noemenswaardige deure. 'n Koue stortbad sonder deur is langsaan.

Toe ek nog besig was om te was, kom daar by die eerste hekkie 'n paar ander uitgestap. Dit was my ou vriende; Boeta, Dries, Schalk, Louis, Kolbe, Jannie en Oom Dawie. So, dan was ek tog nie alleen nie! Ons word streng verbied om met mekaar te praat en mag ook nie saam was nie, maar ons het mekaar nou gesien, en het geweet.

Die vroeë oggend-was na so 'n nare nag, het my weer verfris. Met 'n „goeie môre”-blik is ek by my maats verby, terug na sel no. 1.

MAALTYE IN DIE TRONK

Die lewe in die tronk is maar nie wat 'n mens as aangenaam

sou bestempel nie. Soggens word jy sesuur uitgejaag om in die koue te gaan was. Daarna ontvang jy jou ontbyt wat bestaan uit onsmaaklike waterige pap sonder suiker, 'n stuk ongesnyde bruin brood, en 'n beker swart koffie met bruin suiker. Die pap is in 'n blikbord waarin ook jou water gegee word. Die brood word somer in die pap gesit. Verder bestaan jou eetgereedskap uit 'n dik lomp handgesnyde hout-lepel waarmee jy eers na 'n geruime tyd kan eet, omdat dit feitlik 'n kuns is om dit in jou mond te kry. Die kos word in die sel ingestoot en jy sit dan somer op die grond en eet.

Ongeveer half-twaalf op weeksdag, en half-elf op Sondag ontvang jy jou middagete wat bestaan uit flou groente-soep en weer 'n stuk ongesnyde bruin brood. Drie maal per week word daar egter 'n ete van vleis en groente by die sel-deur ingestoot.

Die aandete word om drie-uur (Vervolg op bl. 6)

OFFISIERE!

ELANDSKRAAL-LAERTREK

Offisiere moet asseblief toesien dat minderbevoorregte lede nie van die laer wegbly net weens gebrek aan die nodige laerfooi nie. Laat sulke kinders sekerlik ook kom—ons sal verder sorg!

Boerejeuglede wat nie die offisiële uniform besit nie, moet asseblief sover moontlik die volgende drag saambring: Dogters—wit rok of wit hemp met donkerblou romp; Seuns—kakkie-klere, donkergroen das, bruin kouse en -skoene.



Dr. Hans van Rensburg

George Se Bydrae

Die Boerejeug van George het onder leiding van veldkt. J. C. van Tonder 'n konsert gehou ten behoeve van ons kamedrade in die tronk. Die bedrag van £3-10-0 kon vir die doel aangestuurd word.



Boeredogters op Vlagparade

LAERTREK OP McGREGOR

Nou dat die Franschhoek-laer in Gebied A na Desember verskuif is, kondig Robertson aan dat Boerejeuglede welkom is om saam met hul te kom laertrek op Rhebokskraal, McGregor, vanaf 27 Sept.

Diegene wat wil gaan, moet dan net in verbinding tree met veldkornet G. J. Rousseau, Truterstraat, Robertson, en sorg vir hul eie tente en laerbenodighede—die kos sal voor gesorg word! Boerejeuglede van Robertson, Bonnievale, McGregor, Mantagu, Worcester, en Rawsonville trek daar laer.

Moenie op julle laat wag nie!

VELDKORNETSKAPPE WAT WOEL

Moorivier, Natal

Die Boerejeug van Moorivier, Natal, kan nie spog met groot getalle nie, maar hul wagwoord „Trap vas en Hou Koers”, pas hul terdeë toe. Elke keer het hulle nog hoër geklim as vroeër onder die besielende oproep van die Kommandante. Vanjaar se Fondsdaginsameling oortref alle vroeëre bedrae, nl. £10-2-9.

Die funksie is gehou op 8 Aug. en hul tafel was gepak met handwerk van die dogters en houtwerk van die seuns.

Hartlik geluk, Moorivier, — volgende keer klim ons nóg hoër!

Werksaamhede op Potchefstroom

Met die oog op die eerskomende Oktober-laertrek, het die Boerejeug van Potchefstroom reeds in die julie-vakansie organisasiewerk in dié verband begin. Die metode wat hulle gevolg het blyk 'n sukses te wees, en hulle wil dit dus graag aanbeveel by alle ander afdelings as dit daar nog nie reeds toegepas word nie.

Onmiddellik ná hulle die bevel en besonderhede ontvang

het, het Jeugkommandant G. van Rooy, en Jeugveldkornet W. Eloff aan die werk gespring en 'n groot aantal kopie van die bevel afgerol. 'n Omsendbrief waarin die ouers gevra word om hul seun of dogter toe te laat om die laer by te woon, is saam met die bevel aan die ouers van alle lede uitgestuur. 'n Gefrankeerde koevert is ingesluit, en 'n datum in die omsend gemeld wanneer die antwoord die offisiere moet bereik.

Deur dié metode te volg, wen die offisiere dadelik die vertroue en simpatie van die ouer, want daardeur toon hy dat die Boerejeug die gesag van die ouer oor die kind nie verontagsaam nie. Sonder die ouers se medewerking sou dit onmoontlik wees om 'n sukses van so 'n poging te maak.

Ons doen dus aan die hand dat alle eenhede van hierdie metode gebruik sal maak. Waar hulle nie in staat is om die bevel en omsendbriewe af te rol nie, kan hulle probeer om dit met die betrokke gebiedshoofkwartier te reël. Wanneer die bevel dan aan die veldkornet(s) gestuur word, kan 'n hoeveelheid aan die betrokke veldkornetskap gestuur word wat voldoende sal wees.

'n Laerfonds

Verder is in Potchefstroom ook onlangs 'n Laerfonds in die lewe geroep waardeur ons die minderbevoorregte lede in staat stel om die laers by te woon. Ondersoek het aan die lig gebring dat die behoefte vir so 'n fonds baie sterk is, en dat dit baie goed aangewend kan word. Dit is natuurlik slegs 'n plaaslike fonds wat ook net plaaslik aangewend word.

Langs hierdie weg wens die jeugoffisiere van Potchefstroom 'n beroep te doen op alle O.B.-ouers in en buite Potchefstroom en in die hele Generaalskap JES om, indien hulle kinders nog nie ingeskakel is in die Boerejeug nie, asb. onmiddellik in verbinding te tree met of te skryf aan: Jeugkommandant G. M. van Rooy, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

Indien u eie kinders vanweë omstandighede nie die laers kan bywoon nie, het u nou 'n kans om 'n minderbevoorregte lid te help om te gaan — ondersteun ons Laerfonds!

Paarl

„In samewerking en in die Jeug lê ons volk se krag”, sê Paarl, en bewys dan ook die waarheid van hul slagspreuk deur met hul eie tafel op 22 Aug. die mooi bedrag van £70 in te samel!

Onder leiding van Kommandante Hofmeyr het die seuns en dogters vlytig saamgewerk en also ook bygedra om 'n aangename gees te skep in die saal, ten spyte van ongunstige weersomstandighede.

Mooi so, Paarl!

ONTHOU! DAT U VANJAAR VROEGTYDIG BESTEL ?

Is jou Naam al opgestuur vir die GROOT BOEREJEUG-LAERTREK

op

ELANDSKRAAL (Dist. Brits)

vanaf 4-13 OKTOBER 1947

Nogie? Stuur dit dan DADELIG aan Boerejeughoofkwartier.

RUSSIESE GENERAAL VLOG MET GEHEIME PLANNE

Minstens vyf afdelings van die Russiese geheime polisie is op die spoor van 'n Russiese generaal wat in onguns by Stalin geraak het en tans vermoedelik in Frankryk verkeer. Hy was een van Stalin se vertrouelinge en is in besit van Stalin se geheime planne vir Wes-Europa.

Hy is genl. Chaparidze, hoof van die Russiese politieke staf in die Russiese besette deel van Duitsland, en beskik oor inligting uit die binnekringe van die Russiese opperbevel. Die opdrag van die geheime polisie is om hom uit die weg te ruim. Hy word tans dag en nag deur 30 Franse polisie bewaak wat as boere vermom is.

Chaparidze is van voorneme om sy inligting so gou as moontlik te boek te stel voordat hy dalk op 'n onnatuurlike wyse aan sy einde kom. Die Franse regering probeer hom egter die swye ophê.

SY VREES

Hy weier om na die Britte te gaan omdat hulle, volgens hom, die inligting slegs op 'n lêer sal plaas „vir latere gebruik“, en hy is ook nie bereid om hom na die Amerikaanse besettingsgebied te begeef nie. Hy vrees dat hy daar net so vermoor sal word soos sy vriend, genl. Krivitski, hoof van die Russiese inligtingsdiens in Europa.


Net soos Trotsky het Krivitski na Amerika gevlug, maar die Russiese wraak het hom in 1940 in 'n hotel in Washington ingehaal waar hy deur die geheime polisie vermoor is.

Chaparidze is die derde hoë

Russiese beampte wat in die afgelope jare uit Rusland gevlug het. Hy het ook verwoys na Kravchenko, 'n lid van die Russiese aankoopkommissie in Amerika, wat so pas 'n opsprakwekkende boek in Amerika laat verskyn het, waar hy hom op die oomblik verskuil teen die Russiese geheime

polisie wat opdrag het om hom te vermoor. „Kravchenko sal binnekort ook vermoor word,“ het Chaparidze gesê.

Inmiddels berig Review of World Affairs dat Rusland vol onrus is en dat die Bolsjewistiese bewind hul hoop vestig op 'n instorting van die Westerse ekonomiese lewe.



Suiker Word Weer Gratis Uitgevoer Na Engeland

Die regering het verlof toegestaan dat suiker weer deur middel van voedselpakkies na Engeland uitgevoer kan word — dit niteenstaande die feit dat die binnelandse suikerverbruik sedert die begin van die maand met meer as tien persent ingekort is nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat hierdie persentasie afgesonder is om na Engeland uitgevoer te word. Die suiker is net vir Engeland bestem en mag nie in pakkies wat vir Duitsland bestem is, ingesluit word nie.

As rede vir die drastiese besnoeiing van ons suikerverbruik het die regering aangegee dat daar 'n kwaai ryp geval het en dat 'n deel van die oes daardeur beskadig is. Ten spyte van die ryp is die geskatte suiker-oes op 483,000 ton gestel. Dit is baie meer as wat die Unie verbruik het in die jaar waarin die grootste hoeveelheid suiker verbruik is. Volgens mnr. J. H. Hofmeyr was dit in 1944...45, toe Suid-Afrika 484,000 ton suiker verbruik het. Ons produseer dus tans sowat 9,000 ton meer as in die jaar toe ons die meeste suiker verbruik het.

Wat die besnoeiing egter nog meer verdag laat voorkom is die feit dat toe die oes op 500,000 ton geskat is, daar sterk sprake van regeringskant was om die beheer oor suiker heeltemal op te hef. Nou dat die geraamde oes slegs 7,000 ton minder is, word die verbruik drasties ingekort.

Dit is baie duidelik dat hierdie meer as tien persent inkorting in binnelandse verbruik bedoel was om daardie persentasie vry te stel vir uitvoer na Engeland. so nie, is die uitvoer van suiker

'n onreg teenoor die Suid-Afrikaanse verbruiker. As die poskantoor meedeel dat daar maandeliks meer as 94,000 pakkies na Engeland uit Suid-Afrika gestuur word, met die veroorloofde twee pond suiker in elke pakkie insluit, kom die hoeveelheid suiker wat die verbruiker in die Unie moet inboet om Brittanje aan die lewe te hou jaarliks op 90 ton te staan.

Dit is die antwoord op die vraag: Wat word van ons suiker?

In Kaapstad ontvang 'n gemiddelde huisgesin vandag nie meer as 4 pd. suiker per week nie.

Nuwe Insektegif

'n Nuwe insektegif wat deug waar D.D.T. nie werk nie, word tans in Suid-Afrika vervaardig. Dit staan bekend as gammexane. Baie ander peste soos die luis wat bestand is teen arseniek kan hiermee bestry word. Die gifstof is verwant aan D.D.T.

400 M.P.U. OP LAND

John Cobb, die Britse motorjaer het 'n nuwe wêreld-snelheidsrekord oor land opgestel deur 394.196 myl per uur met sy vaartbelynde Railton-Mobil Special te behaal.

Die vorige rekord wat ook deur homself opgestel is in 1939, was 368.9 myl per uur. Met sy heenrit het Cobb hierdie keer 385.6 m.p.u. bereik en met die terugrit 403.135 myl per uur.

Die foto toon die motor waarmee Cobb gejaag het. Die dop is hier afgehaal.

V.S.A. Berei Voor Vir 'n Kiem-oorlog

Die Amerikaanse leër bewaar volslae geheimhouding oor die proefnemings in verband met kiem-oorlogvoering wat tans in Amerika gedoen word. Berigte lui dat dieselfde geheimhouding wat op die atoombom van toepassing is, ook hier geld. Amerikaanse oorlogsdeskundiges het geweier om inligting hieroor te verstrek aangesien hulle verklaar dat baie van die inligting van die Amerikaanse oorlogse geheime in die hande van vyande kom deur middel van persberigte.

Die Minister van Onderwys, mnr. J. H. Hofmeyr, het geweier om die aanstelling van dr. Wm. Nicol as rektor van die Universiteit Pretoria goed te keur.

„Die O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

„BUY BRITISH“ SAL PRYSE VAN KLERE DALK LAAT STYG

Invoerders van tekstielware ondervind tans dat die lewering van materiaal vir rokke, pakke klere en hemde uit Engeland veel te wense oorlaat. Hoewel die stof wat ontvang word van hoogstaande gehalte is, is die aanbod so klein en neem die bestellings so lank voordat dit uitgevoer word, dat hulle verplig is om in Amerika te koop, volgens Die O.B. vasgestel het.

Invoerders meen beslis dat dit nadelig sou wees as die regering sy voorneme uitvoer om die „Buy British“-beleid konsekwent toe te pas aangesien die

aanbod in Engeland tans besonder klein is en die groot aanvraag wat dan op Brittanje gekonsentreer sal raak, ongetwyfeld aanleiding sal gee dat die pryse van klere, wat reeds besonder hoog is, nog meer in die hoogte sal laat styg.

Invoerders wag al tot soveel as agttien maande vir bestellings wat in Engeland geplaas is. Bestellings wat lank na die tyd in Amerika geplaas is, het reeds in Suid-Afrika aangekom en is van die hand gesit.

TWEE JAAR

'n Transvaalse firma het reeds soveel as twee jaar gelede bestellings geplaas vir kleurbaadjie-materiaal. Hulle is in kennis gestel dat Britse fabriek dit nie nou kan vervaardig nie. Die bestelling is daarop in Amerika geplaas wat dit aangeneem het. Baie van die oorlogstydse bestellings wat in Amerika geplaas is, word nou uitgevoer. Dit geld vir klaar vervaardigde stukke klere soos rokke ens.

Invoerders verklaar dat hulle voorkeur gee aan Britse weefstowwe maar nie in staat is om dit te kry. Al uitweg is om 'n ander mark te soek.

MOTORS

Wat motors betref, is dit oor en oor bewys dat die motors van Britse fabriek nie aanpas by Suid-Afrikaanse omstandighede nie. Hulle is nie alleen baie duurder as die Amerikaanse motors nie, maar is heeltemal ongeskik vir plattelandse verkeer.

beleid volg om die Hebreeuse liturgie in alle inheemse tale te vertaal.

Behalwe van genl. Smuts en min. J. H. Hofmeyr het rabbi Romm ook 'n gelukwensing ontvang van dr. D. F. Malan met die woorde: „U werk sal meer as enigiets anders bydra om 'n beter verhouding tussen Jood en Afrikaner teweeg te bring.“

Afrikaanse Gebede Vir Jode

Die Joodse gebedeboek sal eerlang vir alle sinagoges in Suid-Afrika in Afrikaans beskikbaar wees, na die Cape Times berig. Die vertaling is gedoen deur Rabbi M. Romm, voorheen hoofrabbi van die Vrystaat. Hy het gesê dat hy nie in politiek of ekonomie geïnteresseerd is nie, maar dat sy poging 'n bloot kulturele is in die beste Joodse tradisie wat die

Handel Pleit Vir Selflose Offers Vir Engeland

'n Pleidooi dat Suid-Afrika sy eie welvarende ekonomie op die Britse altaar moet lê om Brittanje uit sy na-oorlogse moeilikhede te red, word gedoen deur die Commercial Opinion. Die blad, wat die mondstuk is van die Engelse handel in Suid-Afrika, verklaar dat „wat ons betref, is daar teenswoordig geen tyd vir ekonomiese nasionalisme nie,“ en doen 'n beroep om „Buy British“ langs die leuse „Koop Suid-Afrikaans“ te plaas.

Die blad betoog dat dit in ons eie belang is om Engeland 'n „helpende hand“ te reik in die aangesig van die ernstige ekonomiese krisis wat die land in die gesig staar. Dit is 'n gesonde beleid om jou beste klant aan die lewe te hou. Aangesien die Sekretaris van Landbou verklaar het dat ons nie voedseltekorte sal hê nie, moet ons groot hoeveelhede van ons primêre produkte aan Engeland afstaan.

„Ook kan ons help deur ons invoer waar moontlik uit sterling-lande te verkry. En hier moet aandag gegee word aan

die mening van mnr. D. Alexander, voorsitter van die Kaapstadse Kamer van Koophandel, dat ons die leuse „Koop Brits“ langs „Koop Suid-Afrikaans“ plaas“. Daar is baie Britse produkte wat nie met ons eie meeding nie, beweer die blad.

„Wanneer ons ons inkoop so ver moontlik tot die sterlinggebied beperk het, sal dit verstandig van ons wees om die wenk van die Durbanse Kamer van Koophandel te volg om oral waar moontlik, skepe van die Gemeenebes te gebruik vir die vervoer hiervan, asook van alle ander inkoop in die buiteland.“